goeie nuus vir almal vir altyd
good news for all for ever

Almagtige en ewige God

Ons dank U vir meer as 200 jaar van Bybelgenootskapwerk in Suid-Afrika wat alleen deur u genade moontlik gemaak is.

Ons bid vir u voortdurende leiding en seën oor die werk van die Bybelgenootskap in Suid-Afrika, asook dit wat deur die Wêreldbond van Bybelgenootskappe gedoen word. Dit is ons gebed dat elke mens in ons land en ook regoor die wêreld u in hul hartstaal sal kan hoor praat.

Gee ons die krag om, deur ons vertalingsprojekte en die verspreiding van bekostigbare Bybels in alle formate, in die Bybelbehoeftes van ons mense te voldoen. Seën almal wat mildelik gee om dit moontlik te maak. Ons bid vir eenheid in die visie waarna gestreef word – 'n Bybel in elke hand en u Woord in elke hart.

Mag u Woord 'n lig vir die pad en 'n baken van hoop vir ons almal wees. Laat u Naam verheerlik word en laat dit die doel bereik waarvoor u dit gestuur het.

Ons bid dit in die Naam van Jesus Christus, ons Here.

Amen